

# SPIOENASIEMETODES OOPGEVLEK!

H. du Toit

Dit het onlangs aan die lig gekom dat die Departement Ornitologie van die Nasionale Museum hulle intensief daarop toelê om op Groot Streepswaels en Familieswaels te spioeneer.

Die hoof van die Departement en gevolglik ook die brein agter al die beplanning, dr. Roy Earlé, het gereken dat daar 'n manier moes wees om ongemerk binne die swaels se geleedere data te versamel. Met die nou al bekende "Hirundoscope" kon hy slegs vasstel wát die inhoud van elke swaelwoning is, maar sy belangstelling was nie slegs in die inhoud van die nes nie. Hy wou die afmetings van die voorwerpe op elke verebed bekom en dit het hom aangespoor om die swaels op 'n ander manier te probeer uitoorlê.

Neste is fyn dopgehou om te sien waar aktiewe broeiery aan die gang was. Sommige van die neste is blatant geïnfiltreer tydens die swaels se besoeke\* aan Midde-Afrika. Met die res is alle versigtigheid oorboord gegooi en is die neste van spioenasieluik voorsien ten aanskoue van die inwoners!

Bouer- en messelaarkwalifikasies is twee bykomende vaardighede van dr. Earlé. Baie behendig sny hy 'n gat in die basis van die nes, messel 'n blikring met gips in die opening vas en bedek dit dan met 'n plastiekdeksel wat met skuimrubber uitgevoer is. Die nes word dan weer netjies gepleister met modder wat aanvanklik vir die bouproses gebruik is.

Met hul terugkeer het die swaels niksvermoedend hul neste opgeknop en huisverbeteringe aangebring. Dié wat ooggetuies van die infiltrasie was, het doodluiters voortgegaan met voorbereidings om die babakamers vir die Operasie Kindersgrootmaak in gereedheid te kry.

Dr. Earlé kon nou sy benodigde data rakende eiers en kuikens sonder baie moeite bekom. Hulle word bloot deur die opening ontvoer en nadat die nodige inligting verkry is, weer daardeur



*Die Hirundoscope - 'n penflits met 'n verlengdraad na die gloeilamp en 'n stukkie spieël om die inhoud van swaelneste (onder andere die van Hirundo-spesies) vas te stel.*



*Groot Streepswaelnes met ingeboude blikring.*

teruggeplaas sonder dat die ouers iets vermoed.

Tot op hede blyk die metode baie effektief te wees, omdat geen swaels nog 'n aanduiding gegee het dat hulle nie gediend is met 'n spioenasieluik in hulle wonings nie. Die sabotasie van hul wonings noodsaak hulle ook nie om 'n nuwe tuiste te bekom nie.



\* besoeke — hul oorwinteringsgebiede